

Gereformeerde Kerk Bellville – 30 Julie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 21:1, 9 (p. 94)

- 1 U maak, o HEER, die koning bly, / omdat u arm so sterk is, / sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry; / U het wat hy begeer. / geweier nóg geweier.
- 9 Verhef U in u sterkte, HEER, / en laat u groot vermoë / gesien word voor die oë
van almal wat U roem en eer! / Ons buig ons voor u mag / en prys u heldekrag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 4 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 4 Gods sterkte^o is nie soos mense mag / wat heil van oorlogspere wag,
of van die bene, sterk gebou, / waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag / wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop, / Hom vrees en op sy goedheid hoop.

Gebed

Skrifberyming 6-1:1, 2, 3 (Sb 11)

- 1 Die laagte deur waar die olywe staan, / het hul met Jesus na die berg gegaan;
En dáár het Hy, in stilte ongestoord, / tot hul gesprek sy laaste lewenswoord:
- 2 “Jul wat só na die Godsryk al verlang, / sal nou die kragte van die Gees ontvang,
En oor die wydtes dan van land en see / uit nuwe krag van My getuig'nis gee.”
- 3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar, / geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte waas het Hom geheel oordek, / 'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

Skriflesing: Matteus 28:1-10, 16-20; Johannes 14:15-31;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 18:47-48

Kernvers: Matteus 28:20; Johannes 14:18, 23, 26

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

(Matteus 28:20 AFR53)

Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.

Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Johannes 14:18, 23, 26 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op die aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is (b), maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

Tema: Hoe is Christus by sy kerk as Hy opgevaar het na die hemel?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in vanaand se gesprek tussen die vraagsteller en die gelowige kom ons agter hoe ontoereikend menslike logika werklik is. Inderwaarheid, as 'n mens net op menslike logika staatmaak, loop jy jou vas en kan 'n mens nie die troos wat die Here aan gelowiges wil gee beleef nie.

Die vraagsteller is nie net skepties oor sommige geloofsake waarvan die gelowige vas oortuig is nie. Hy is ook iemand wat geloofsake met menslike logika wil verstaan. Dit kom 'n mens agter in sommige van die vrae wat hy aan die gelowige stel. Die eerste vraag wat die vraagsteller vanaand aan die gelowige stel, is een van daardie vrae waarin 'n mens hoor dat hy net op 'n menslike vlak na die Bybel luister.

Die vraagsteller is iemand wat ywerig in die Bybel lees. Na aanleiding van die vorige gesprek oor die feit van Jesus se hemelvaart het hy ander Skrifgedeeltes ook gaan lees. En in sy soeke om 'n beter begrip te kry oor die hemelvaart het hy ook by Matteus 28 uitgekom. In die laaste vers van Matteus 28 lees hy hierdie belofte van Jesus:

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.
Matteus 28:20 AFR53)

In die vorige gesprek het die gelowige daarop gewys dat die dissipels met hulle eie oë gesien het hoe Jesus van die aarde af opgeneem word. Hulle het Hom agterna gestaar totdat

'n wolk Hom voor hulle oë weggeneem het en hulle Hom glad nie meer kon sien nie. Ook die engele wat aan die dissipels daar op die Olyfberg verskyn het, het die dissipels verseker dat Jesus nou van hulle af weg is, maar dat Hy weer na hulle toe sal terugkeer.

Die logiese gevolgtrekking en ook 'n regte gevolgtrekking waartoe die vraagsteller kom, is dat Jesus Christus in hierdie stadium in die hemel by God is en nie op die aarde nie. 'n Mens kan dus maar soek soos wat jy wil op die aarde, jy sal Jesus nie aantref sodat jy Hom kan sien of aan Hom kan raak nie. Dit is tot hierdie besef wat die dissipels ook gekom het nadat die engele hulle dit verseker het. Daarom het hulle van daardie dag af aanhoudend verkondig dat Jesus binnekort weer sal terugkom soos wat Hy belowe het.

Dit is nou hierdie feit dat Jesus werklik opgevaar het na die hemel en die belofte van Jesus

self dat Hy met sy dissipels sal wees al die dae tot aan die voleinding van die wêreld wat die vraagsteller nie bymekaar kan uitkry nie. Hoe is dit moontlik dat Jesus by sy dissipels en by al die gelowiges kan wees as Hy dan nie meer op die aarde is nie?

Broers, susters en kinders, in die antwoord wat die gelowige aan die vraagsteller gee, kom ons agter dat 'n mens nooit moet vergeet wie Jesus Christus regtig is nie. Jesus Christus is ware mens en ware God tegelykertyd. Oor hierdie waarheid is daar al gepraat in Sondag 14 waar die gelowige met oortuiging bely: **Die ewige Seun van God wat ewige en ware God is en bly, het die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem deur die werking van die Heilige Gees.**

In verband met die ware menslike natuur van Jesus het die gelowige al daarop gewys dat Jesus al die eienskappe het wat eie is aan 'n ware mens. Hy is soos alle mense uit 'n vrou gebore. Soos alle mense het Hy geleer praat en loop. As ware mens het Hy ook honger en dors en moeg geword. Een van die eienskappe van 'n ware mens is dat 'n mens net op een plek op 'n slag kan wees. Christus het hierdie eienskap gehad van sy geboorte af. Dit is hierdie eienskap wat veroorsaak het dat Martha en Maria hartseer was toe hulle broer Lasarus dodelik siek geword het. Jesus was nie daar by hulle nie. En toe Hy uiteindelik by hulle uit-kom, was Lasarus al dood en vier dae in die graf.

Anders as wat sommige mense dink, het Jesus se menslike natuur na sy opstanding uit die dood eg menslik gebly. As ware mens kon Hy steeds kos eet. Dit het Hy voor die oë van sy dissipels gedoen sodat hulle oortuig kon raak dat Hy werklik nog mens is soos wat hulle Hom voorheen geken het. En as die vroue die Sondagoggend by die graf kom het die engele hulle verseker dat Hy nie meer in die graf is nie. Jesus het opgestaan uit die dood en uit die graf uitgegaan. Wat sy menslike natuur betref kan Hy net op een plek op 'n slag wees. En dit geld ook na sy hemelvaart.

Voor die oë van sy dissipels is Jesus opgeneem in die hemel. Daarom, wat sy menslike natuur betref, kan Jesus nou net op een plek wees en dit is aan die regterhand van sy Vader in die hemel. Maar Jesus is nie net 'n ware mens nie. Hy is en bly tot in alle ewigheid ook ware God. Alhoewel Jesus se menslike natuur tot die hemel beperk is, is dit nie die geval met sy Goddelike natuur nie. Die Goddelike natuur kan op geen manier tot een plek beperk word nie. Want wat sy Goddelike natuur betref, beskik Jesus oor al die eienskappe wat eie aan God self is. Jesus Christus is ook almagtig, alwetend en alomteenwoordig. Ja natuurlik, tydens sy verlossingswerk wat Hy in sy vernedering gedoen het, het mense nie baie van Jesus se Goddelike natuur gesien nie. Maar na sy opstanding uit die dood en hemelvaart verberg Jesus niks meer van sy Goddelikheid nie.

Omdat Jesus Christus ware God is, is Hy wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref altyd by die gelowiges teenwoordig. Daarom sal die belofte wat Jesus gemaak het altyd geld. Hy gaan nooit van sy gelowiges af weg nie. Hy het dus regtig bedoel dat die dissipels nie ontsteld of bedroef moet wees omdat Hy vir hulle gesê dat Hy van hulle af weggaan nie. In een opsig het Hy weggegaan – Hy het opgevaar na die hemel. Maar in 'n ander opsig bly Hy altyd by sy gelowiges – Hy laat hulle nie as weeskinders agter nie.

Met die Godheid en majesteit van Christus word daar na sy almag en heerskappy verwys. Ten opsigte van sy Godheid en majesteit is Christus vandag net so naby aan sy gelowiges as wat Hy aan sy dissipels was toe Hy op die aarde sy verlossingswerk kom doen het. Christus het nie nodig om fisies op 'n plek teenwoordig te wees om sy mag en heerskappy uit te oefen nie.

Hier kan ons maar net dink aan die genesing van die Romeinse offisier se slaaf waarvan ons in die evangelie lees (vgl. Matt 8:5-13). Die offisier het Jesus gevra om sy slaaf te genees en Jesus het gesê dat Hy bereid is om dit te doen. Maar nog voordat Jesus na sy huis toe kon gaan, het die offisier al vir Jesus gesê dat hy nie werd is dat Jesus onder sy dak moet inkom nie. Jesus kan maar van 'n afstand af net die woord spreek, dan glo hy sal sy slaaf gesond word. Hierdie offisier was oortuig dat Jesus se mag en heerskappy oor 'n enige afstand geld net soos wat dit sal geld as Hy fisies teenwoordig is op 'n plek. En dit is so. Daardie slaaf het gesond geword sonder dat Jesus by hom teenwoordig was, want Christus se almag en heerskappy is oral in die skepping aan die werk.

Dit is vandag nog net so waar. Alhoewel Jesus fisies in die hemel by sy Vader is, geld sy almag en heerskappy vandag nog op die aarde. Op bevel van die Here Jesus kan siekes vandag nog gesond word. Vanuit die hemel beskerm en bewaar Christus sy gelowiges, want Hy is die Koning van die konings en die Here van die here.

Gelowiges word vandag steeds omring met die genade en onverdiende goedheid van Christus. Verskeie kere lees 'n mens in die evangelie van die ontferming wat Christus gehad het vir die mense. Hy het diep in sy hart ontroerd geword omdat die mense soos skape sonder 'n herder was. Hy het die mense innig jammer gekry omdat hulle gely het onder die ellendes in hierdie wêreld. Alhoewel Jesus opgevaar het na die hemel, is Hy steeds voluit bewus van die moeilikhede en versoekings waarmee die gelowiges daaglik te doen kry. En Hy kry sy mense nog net so innig jammer soos wat Hy dit gedoen het voor sy hemelvaart. Christus neem nie noodwendig al die swaarkry van sy gelowiges af weg nie, maar Hy skenk aan hulle die krag om die las te kan dra, of Hy gee 'n broer of 'n suster wat wat jou help om die las te dra totdat jy weer sterk genoeg is.

Christus is persoonlik in en deur die Heilige Gees by die gelowiges teenwoordig. Wat hierdie teenwoordigheid van Christus by die gelowiges betref, is Christus nou nog nader aan sy volgelinge as wat Hy aan hulle was toe Hy op aarde was. Vroeër was Christus by en met sy gelowiges, maar nou woon Hy in hulle. Deur die Heilige Gees is Christus in die gelowige teenwoordig en die gelowige is deur die Gees in Christus ingelyf. Deur die werking van die Heilige Gees kan die gelowige steeds die woorde van Christus lees en verstaan en toepas in sy lewe.

Die gelowige gee deur hierdie verduideliking aan die vraagsteller die versekering dat Christus-tene inderwaarheid dit tans beter het as vroeër. Gelowiges is nie armer omdat Christus nie fisies teenwoordig is nie. Intendeel, hulle is baie ryker. Hulle het niks verloor met Jesus se hemelvaart nie, hulle het eerder baie meer gewen. Nou beoefen Christus sy Goddelike krag en majesteit onbeperk uit. En die gelowiges trek voluit voordeel daaruit.

Maar as Christus wat sy Godheid betref dan by die gelowiges op aarde teenwoordig is, is dit dan net Jesus se menslike natuur wat in die hemel by God is? In hierdie vraag hoor ons weer waar bring menslike logika 'n mens uit. Die vraagsteller dra sy eie beperktheid oor aan God en die Godheid van Christus. Omdat die mens nog net in terme van tyd en ruimte kan dink en hy deur tyd en ruimte ingeperk word, dink hy dat God en die Godheid van Christus ook daardeur ingeperk word. Dat God alomteenwoordig is, bly ongelukkig vir die sondaar 'n misterie wat hy nie ten volle kan begryp nie.

Christus se Goddelike natuur en menslike natuur kan nooit van mekaar geskei word nie. As ons Verlosser nie terselfdertyd ware mens en ware God is nie, kan Hy nie die Verlosser

wees nie. Daarom is Jesus tans ook ware God en ware mens by sy Vader in die hemel, sodat Hy volmaak kan intree vir die gelowiges en volmaak kan heers en regeer vanuit die hemel.

Maar niks kan die Godheid inperk nie. Daarom kan Christus se Godheid ook nie deur sy menslike natuur ingeperk word nie. Wat sy Goddelike natuur betref, is Christus se Godheid voluit in sy menslike natuur teenwoordig en daarmee verenig, en terselfdertyd is Hy hier op aarde by die gelowiges teenwoordig.

Die beste manier waarop 'n mens dit vir ons mense se beperkte begripsvermoë verstaanbaar kan maak, is met 'n beeld. Dink aan twee sirkels – 'n kleintjie binne 'n groot sirkel. Die klein sirkeltjie is nie geskei van die groot sirkel nie. Dit is permanent ingesluit in die groot sirkel en deel van die groot sirkel. Tog strek die groot sirkel baie verder as die klein sirkeltjie. Die groot sirkel bereik plekke waarby die klein sirkeltjie nie op dieselfde tyd kan uitkom nie. So is dit ook met Christus se Goddelike natuur. Sy Goddelike natuur is nooit van sy menslike natuur geskei nie en tog is daar plekke waar Christus net met sy Godheid teenwoordig is en nie ook met sy menslike natuur nie.

Wat 'n groot genade en troos is dit nie vir gelowiges nie. Gelowiges het altyd hulle Verlosser by God in die hemel teenwoordig. Daar tree Hy vir hulle in by God. Van daar af regeer

Hy voluit oor die hele skepping en persoonlik in sy Kerk en elke gelowige afsonderlik. Terselfdertyd is Christus na sy Godheid, majesteit, genade en Gees ook by die gelowige soos 'n goeie herder teenwoordig. Christus hou Homself inderdaad getrou aan sy belofte. Waar Christene hulleself ook al bevind in hierdie wêreld, Christus is by hulle teenwoordig.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 6-2:1, 3 (Sb 12)

- 1 'n Eng'lestem het ek hoor juig, / wat aanswel uit die hemel aan:
"Nou moet voor God die Here buig / die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy / het God nou skitt'rend aan laat lig,
en Christus – so 'n glans het Hy / dat Satan blind daarvoor moes swig.

- 3 Die Lam wat hul laat triomfeer / sy bloed het hul gedek as skild
en al die pyle afgeweer. / En hul getuig'nis, nooit gestild,
dit was hul wapen in die stryd. / Hul het hul lewe^oas hoogste skat,
in mart'laarskap en dure tyd, / tot in die dood nie liefgehad.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
30 Julie 2017